

14. Menseregte in Suid-Afrika

Waarom 'n handves van menseregte?

Suid-Afrika het baie verskillende bevolkingsgroepe en kulture. Daar is ook verskillende gelowe, mense met verskillende waardes en verskillende menings oor wat reg en verkeerd is. Hierdie verskille kan maklik konflik veroorsaak.

Om seker te maak dat die “regte” van elke mens in die land erken en gerespekteer word, is 'n handves van menseregte deel van die land se grondwet.

Hierdie handves van menseregte stel die mens as die belangrikste in die middelpunt. Ons noem dit **humanisme**. Die humaniste sê die mens het die reg op allerlei behoeftes, geluk en selfverwesening. Die humaniste praat van die mens se waardigheid, terwyl die Christen praat van die mens se “kosbaarheid” in God se oë. Dit is 'n kosbaarheid wat beteken dat die mens dienskneg van God is, geskape na sy beeld en gelykenis, iemand wat deur Hom geroep is.

Die Christen en menseregte

Christene weet dat God aan die mens sekere beloftes, geleenthede of voorregte gee. Hy kan dit gebruik om sy roepingsplig te vervul. Die Here lei ons om sy raadsplan uit te voer, maar die mens het nie “regte” voor God nie.

Om jou pligte te kan uitvoer, skenk God aan jou sekere bestaansregte. Miskien kan ons dit makliker verstaan deur te sê: Dit is beloftes of voorregte wat gelowiges van God ontvang om te kan doen wat ons volgens die Bybel behoort te doen. Ons moet nie self oor bestaansregte kan besluit en daarvoor beskik nie.

God skenk alle lewe, daarom het Hy reg op die mens se lewe en mag die mens nie self daarvoor beskik nie (die sesde gebod). Jy mag ook nie 'n mens wat as beeld van God, goed deur God geskape is, valslik beskuldig nie (negende gebod).



Hierdie “menseregte” wat dus eintlik Godgegewe voorregte is (genadegawes), is nie net vir enkelinge bedoel nie, maar ook vir samelewingskringe, soos die gemeente. Kerke het die reg (en ook die plig) om die evangelie te verkondig. Die owerheid moet reg en orde handhaaf. In gesinne het ouers die taak (reg en plig) om hul kinders te voed en op te voed. Daarom het kinders die reg of voorreg om gevoed en opgevoed te word.

Die mens het dus net sekere voorregte, omdat hy 'n plig het. God eis van hom rekenskap oor hoe hy hierdie voorregte aanwend in sy roeping en in die koninkryk van God.

Handves van menseregte

Hierdie handves van menseregte in ons land se grondwet bepaal dat elke landsburger die volgende regte het:

- gelykheid
- 'n gesonde omgewing wat nie gevaarlik is nie
- privaatheid
- taal en deelname aan kultuuraktiwiteite van sy keuse
- vrye beweging en behuising
- vryheid van spraak
- goeie arbeidspraktyke
- gesondheidsorg, voedsel en water
- veiligheid
- vrye assosiasie en politieke affiliasie, wat beteken jy kan vriende maak met wie jy wil en aan enige politieke party of rigting behoort
- vryheid van geloof, godsdiens en mening
- menswaardigheid en lewe

Kyk nou weer hoe die Christen menseregte sien, dan sal jy verstaan dat baie van bostaande bepalings mensgerig en dus humanisties is. Ons stem nie met almal saam nie, maar God kan ook hierdie reëls gebruik om sy wil te laat geskied.

Party van hierdie “regte” kan direk bots met dit wat God van ons in sy Woord eis. Die laaste bepaling, naamlik menswaardigheid en lewe, bepaal dat die mens die reg het om self oor sy lewe te besluit. 'n Vrou wat swanger is, het dan ook die reg om te besluit of sy haar swangerskap wil beëindig.

Dit is nie wat die Bybel sê nie. God gee alle lewe en ons mag geen lewe neem nie, ook nie dié van 'n ongebore kindjie nie. Christene kan nie aborsie aanvaar nie en moet meer gehoorsaam aan God as aan mense wees.

Kinderregte

Die handves van menseregte maak ook spesiaal melding van sekere regte wat kinders het. Dit is waar dat kinders afhanklik van volwassenes is en soms uitgebuit, mishandel of verwaarloos word. Elke kind behoort die voorreg te hê om 'n naam, versorging, voeding, kleding, opvoeding en huisvesting te ontvang.

Dit is goed dat daar sekere reëls of wette is wat kinders beskerm. Nie omdat die kind regte het nie, maar eerder omdat die kind eiendom van God is. Niemand mag 'n kind benadeel nie.

Aktiwiteit

Elke voorreg gaan gepaard met verantwoordelikheid. Kyk na voorbeelde van kinderregte en probeer dan vasstel wat jou verantwoordelikheid in elke geval sal wees.

Voorregte	Verantwoordelikhede
1. Kinders moet kos hê om te eet	- en het die verantwoordelikheid om nie met kos te mors nie.
2. Kinders mag foute begaan	- maar het die verantwoordelikheid om uit hul foute te leer.
3. Kinders moet goeie onderrig ontvang	- en het die verantwoordelikheid om ...
4. Kinders moet deur hul ouers versorg word	- maar het die verantwoordelikheid om ...
5. Kinders moet in 'n veilige tuiste woon	- en het die verantwoordelikheid om ...
6. Kinders moet spesiale behandeling vir spesiale behoeftes ontvang	- en het die verantwoordelikheid om ...
7. Kinders moet gehoor word	- en het die verantwoordelikheid om ...
8. Kinders kan trots op hul herkoms wees	- en het die verantwoordelikheid om ...
9. Kinders moet mediese behandeling ontvang as dit nodig is	- en het die verantwoordelikheid om ...

Samevatting

Jy het geleer om as gelowige God in die middelpunt van jou lewe te plaas. Jy leef vir Hom, nie Hy vir jou nie. Jy mag aanspraak op God se beloftes maak, want Hy het dit uit genade aan jou as gelowige gegee. Dit is nie regte nie – dit is gawes wat God uit genade gee. Saam met hierdie voorregte gaan ook die plig om verantwoordelikheid uit dankbaarheid na te kom.

As jy volgens die Bybel leef, sal jy nie die lys menseregte van die grondwet oortree nie.